

Bevordering van die regte van mense met gestremdhede in Afrika

Ruth Useh*

Miljoene mense met gestremdhede regoor Afrika baan elke dag hulle weg deur 'n wêreld wat hulle uitsluit en benadeel. Terwyl wette en konvensies oor die vasteland heen gelykheid verkondig, vertel die geleefde werklikheid van mense met gestremdhede dikwels 'n ander storie – een van strukturele, sistemiese en dikwels onsigbare uitsluiting, marginalisering en ontkenning van basiese regte.

[Gestremdheid](#) is nie bloot 'n liggaamlike of geestestoestand nie – dit is 'n komplekse wisselwerking tussen individuele gestremdhede en die maatskaplike, omgewings- en institusionele hindernisse wat volle deelname verhinder. So kan 'n dowe student byvoorbeeld in die afwesigheid van tolking in gebaretaal van universiteitslesings uitgesluit word, terwyl 'n blinde mens dalk nie toegang sal hê tot nuus oor lewensbelangrike hersienings op gesondheidsgebied wat slegs in 'n visuele formaat gedeel word nie. Dit is sulke hindernisse, nie die gestremdhede self nie, wat dikwels volle deelname beperk.

Die menseregtemodel van gestremdheid soos weerspieël in die Verenigde Nasies se [Konvensie oor die Regte van Mense met Gestremdhede \(CRPD\)](#) en die [Afrika-gestremdheidsprotokol](#) brei die maatskaplike model deur 'n klem op gelykheid en regte uit. Dit bied 'n meer inklusiewe benadering, wat van kardinale belang is in Afrika waar strukturele uitsluiting voortduur. Hierdie modelle verwerp die idee dat mense met mediese ingrypings “reggemaak” moet word en eis eerder dat samelewings moet ontwikkel om menslike diversiteit te akkommodeer.

In die CRPD en die Internasionale Klassifikasie van Funksionering, Gestremdheid en Gesondheid word gestremdheid nie net as 'n mediese kwessie beskou nie, maar as iets wat voortspruit uit die interaksie tussen gesondheidstoestande en maatskaplike of omgewingshindernisse. Dit sê vir ons dat gestremdheid nie net spruit uit 'n individu se liggaam of gestremdheid nie, maar ook uit die interaksie met 'n gestremdheidsonvriendelike omgewing.

Nietemin bly insluiting 'n leë belofte regoor Afrika. Na raming [leef 60 tot 80 miljoen mense op die vasteland met gestremdhede](#). Hulle maak ongeveer 10% van die bevolking uit – en moontlik tot 20% in armer streke. Sommige regerings het proaktiewe stappe in reaksie op hierdie uitdaging gedoen. In Suid-Afrika het die regering, as die land se grootste werkgewer, die leiding met gestremdheidsinsluiting geneem deur 'n 2%-indiensnemingsteiken vir mense met gestremdhede te stel om gelykheid te bevorder.

Terwyl ons Afrika-dag op 25 Mei vier en nadink oor die Afrika-unie se 2025-tema, “Geregtigheid vir swart mense en mense van Afrika-afkoms deur regstellings”, moet ons erken dat mense met gestremdhede een van die groepe is wat die meeste aanhoudend uitgesluit word. Toegang tot geregtigheid bly 'n ontwykende reg – een wat, as dit werklik gehandhaaf word, lewens en samelewings kan verander. As samelewings dit nie doen nie, sweer ongeregtigheid.

Ofskoon dit nie 'n universele oplossing of teenmiddel is nie, kan strategiese [regstappe](#) waardigheid bevestig, die verbintenis tot geregtigheid toets en kragtige presedente skep. Dit laat individue toe om te beweeg van waargenome passiwiteit na aktiewe deelname aan die vorming van wette en beleide wat hulle lewens beïnvloed.

Suid-Afrika bied 'n waardevolle gevallestudie. Die [post-apartheid-Grondwet](#) plaas 'n positiewe verpligting op die staat om almal se regte, insluitend dié van mense met gestremdhede, te "respekteer, beskerm, bevorder en vervul". Wet 4 van 2000, oftewel die [Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie \(Pepuda\)](#), is 'n voorbeeld van hoe wetgewende raamwerke gebruik kan word om verskanste diskriminasie af te takel. Die klem op redelike akkommodasie, asook die uitskakeling van sistemiese hindernisse, beteken dat die daad by die woord gevoeg word met regstellende geregtigheid. 'n Voorbeeld hiervan is die saak van [Anna-Marie de Vos vs Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling](#), wat lig werp op die strafregstelsel se tekortkominge rakende die beskerming van die regte van mense met gestremdhede, insluitend individue met minder sigbare gestremdhede (d.w.s. intellektuele gestremdhede en matige tot ernstige geestesgesondheidstoestande).

Die [Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie](#), met sy toegewyde kommissaris vir gestremdhedsregte, illustreer hoe instellings as bewakers van geregtigheid kan dien. Dit is ook die moeite werd om die belangrikheid van die toepaslike formulering van woorde in kommunikasie te oorweeg, aangesien taal 'n rol in geregtigheid speel. Hierdie formulering spruit dikwels uit die gestremdhedsmodelle wat ons wetend of onwetend aanvaar. Op hierdie manier [kan taal óf negatiewe stereotipes versterk óf 'n meer inklusiewe, bemagtigende houding teenoor gestremdheid bevorder](#). Daar is lank namens mense met gestremdhede en ook mense van Afrika oor die algemeen gepraat, eerder as om na hulle te luister.

Waardigheid begin met erkenning, en respekvolle betrokkenheid begin wanneer probleme by die naam genoem word en aan stilgemaakte stemme 'n platform gegee word waar hulle kan praat terwyl die samelewing luister. Die regte van mense met gestremdhede bly egter teoreties as dit nie afdwing word nie. Art. 13 van beide die CRPD en die Afrika-gestremdhedsprotokol waarborg gelyke toegang tot geregtigheid. Maar sonder prosedurele akkommodasie, wetlike erkenning en kulturele verskuiwings is hierdie reg skaars die ink op die papier werd.

Die [storie van Agness Mandimba](#), 'n dowe vrou en aktivis van Zimbabwe, illustreer hierdie ongeregthede. As medestigter van Deaf Women Included maak sy al lank voorspraak vir geregtigheid, maar sê: "Ek voel ons het oor die afgelope 25 jaar positiewe verandering bewerkstellig, maar ons skiet steeds tekort aan wat ons kan bereik. Ons het baie goeie wette wat nie in werking gestel word nie en ek voel dit is nie reg nie." Haar ervaring lê die duidelike gaping tussen beleid en praktyk bloot.

Mandimba se storie is nie uniek nie. Zimbabwe se nasionale gestremdheidstrategieë – soos dié van baie ander Afrika-lande – is prysenswaardig op papier, maar skiet tekort wat inwerkingstelling betref.

Ek het in die middel van 2023 met my PhD-navorsing by die Universiteit Stellenbosch begin. My studie ondersoek hoe staats- en nie-staatrolspelers wat in die voorste linies van besluitneming is – spesifiek diegene wat in geteikende gestremdhedsprogramme en -beleide werk – besluite oor beleidmaking, beplanning en programopstelling neem om groter insluiting van mense met gestremdhede in twee lae- en middelinkomstelande te bewerkstellig.

Een van die hoofbevindings was die deurslaggewende rol wat voorspraak in die bevordering van die regte van mense met gestremdhede speel deur nie net bewustheid oor die reg op gelykheid te verhoog nie, maar ook te verseker dat individue die beskikbare meganismes om hierdie regte af te dwing, verstaan en gebruik. Voorspraak bemagtig individue en gemeenskappe om diskriminasie uit te daag, beide persoonlik en namens ander, en pak strukturele nadele aan wat in vooroordeel en ongelykheid gewortel is.

Ofskoon litigasie en voorspraak saam gebruik kan word om verandering te bewerkstellig, hang hulle doeltreffendheid ten diepste van die aktiewe deelname van mense met gestremdhede af. Voorspraak en litigasie sal misluk sonder die aktiewe leierskap van mense met gestremdhede. Die CRPD lui uitdruklik dat diegene wat die meeste geraak word, die wette ingevolge waarvan hulle regeer word moet vorm, in werking stel en monitor.

Die pad na geregtigheid is nie met verklarings geplavei nie, maar met mense wat beheer neem, aanspreeklikheid aanvaar en die politieke wil het om strukture van uitsluiting in raamwerke van billikheid te omskep. Dit strek verder as toegang. Ons moet die fisiese, institusionele en gesindheidshindernisse afbreek wat mense met gestremdhede uitsluit. Dit beteken om die idee te verwerp dat sommige lewens minder werd is, en om 'n samelewing te bou wat verskillende omarm en waardigheid bevestig.

Gestremdheid is nie 'n randkwessie nie en regstelling is onvolledig as dit nie die volledige erkenning, insluiting en bemagtiging van alle mense met gestremdhede insluit nie. Terwyl ons die stryd vir regstellende geregtigheid regoor Afrika en die wêreldwye Afrika-diaspora vorentoe neem, moet ons seker maak dat niemand agterbly nie. Nog belangriker is dat regs- en beleidstelsels in vorm én funksie toeganklik moet wees – plekke waar mense met gestremdhede nie bloot volg nie, maar lei.

***Ruth Useh is 'n PhD-student en junior navorser by die Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing aan die Universiteit Stellenbosch.**